*Veral by 'n dinamiese vak soos RTT kan eksamenvraestelle en memoranda 'verouderd' raak. In sommige gevalle kan dit ook gebeur dat daar nou ekstra antwoorde aanvaarbaar kan wees terwyl sommige van die antwoorde nie meer van toepassing is nie.*

# Study Opportunities

# November 2012

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
## Graad 10
## Vraestel 2 – Skriftelike vraestel

## MEMORANDUM

*Tyd: 2 uur* *Totaal: 120*

## AFDELING A

### Vraag 1

| 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | B | C | C | B | A | D | C | B | D |

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

**[10]**

### Vraag 2

| 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | O | J | A | S | H | G | M | I | L |
| HTML | RSI | JPG | HTTPS | MICR | IM | Ctrl+P | GUI | EULA | ADSL |

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

**[10]**

## AFDELING B

### Vraag 3

3.1 2.2 GHz ✓ (1)

3.2 1 024 GB (aanvaar ook 1 000 GB) ✓ (1)

3.3 8 GB ✓ (1)

3.4 Geheue word gebruik om instruksies/data/programme wat gebruik word/verwerk word te hou. ✓ Stoor word gebruik om data/programmatuur permanent te stoor. ✓ (2)

3.5.1 Windows 8 ✓ (1)

3.5.2 Enige TWEE redes: ✓✓ (2)

- Beheer/koördineer alle aktiwiteite wat in 'n rekenaar plaasvind
- Verskaf aan die gebruiker 'n koppelvlak om met die rekenaar te kan werk
- Beheer al die toevoer/afvoer (toestelle) van die rekenaar
- Beheer toegang tot / die stoor van programme en data
- Koördineer die laai van programme en data wat verwerk moet word, in geheue, ens.

3.6 Grootte ✓ Gemeet in duime ✓ (2)

3.7.1 Ergonomie is die studie van die interaksie tussen 'n gebruiker, die toestelle en die werksomgewing ✓ (1)

3.7.2 *Palm rest* / geronde sleutelbord / *soft-touch keys* ✓ (2)

3.7.3 Enige TWEE wenke: ✓✓
Vat gereelde ruskansies
Sorg dat die beligting voldoende is
Sit korrek as jy tik
Maak seker dat jou skerm op die regte hoogte is
Draai elke nou en dan jou oë weg van die skerm af, en fokus op iets anders

3.8.1 LibreOffice ✓ (1)

3.8.2 Enige TWEE nadele: ✓ ✓ (2)
- Nie verseker van kwaliteit nie
- Daar is dikwels baie verskillende weergawes van dieselfde produk. Dit beteken dat as jy met die programmatuur op ’n ander rekenaar werk, lyk en werk alles nie noodwendig soos wat jy gewoond is nie.
- Oopbronprogrammatuur kan gewoonlik net van die Internet verkry word.
- Hierdie tipe programmatuur word nie so algemeen gebruik nie.
- Dit kan moeilik wees toegang tot dokumentasie en ondersteunende materiaal hiervoor te kry.

3.9 Enige EEN rede: ✓ (1)
- Kan met CD’s en DVD’s werk
- DVD’s het meer stoorspasie
- DVD’s se toegang is vinniger

3.10 Enige TWEE redes: ✓ ✓ (2)
Konnekteer die kamera met ‘n kabel aan een van die poorte (USB/FireWire)
Gebruik die kaartleser om die geheuekaartjie mee te lees.
Dra die foto’s via Bluetooth oor.

3.11.1 Biometriese tegnologie meet ’n unieke biologiese eienskap van ’n persoon ✓
Gewoonlik vir sekuriteit / identifikasie / toegangsbeheer ✓ (2)

3.11.2 Regte vingerafdruk moet eers geverifieer word voordat *flash*-skyf gelees kan word ✓ (1)

3.12.1 FireWire ✓ (1)

3.12.2 *Plug-and-play* laat gebruikers nuwe toestelle in rekenaar inprop ✓
en dit word kan outomaties vir gebruik opgestel. ✓ (2)

3.13.1 Dit is ’n poort waaraan toestelle gekoppel kan word ✓ (1)

3.13.2 USB 3.0 laat data baie vinniger tussen rekenaar en toestel oorgedra word as met USB 2.0 ✓ (1)

**[28]**

**Vraag 4**

4.1.1 Maak ‘n skermkopie van die boodskap met Print Screen of ’n Snipping Tool ✓
Plak die skermkopie in ’n dokument of e-posboodskap ✓
Stuur die boodskap met ’n e-posprogram. ✓ (3)

4.1.2 Nie-winsgewende organisasie ✓ (.org) gebaseer in die UK ✓ (2)

4.1.3 Webblaaier ✓ Internet Explorer / Firefox / Chrome ✓ (2)

4.1.4 Programmatuur ✓ stel die rekenaar / bedryfstelsel in staat om met die apparatuur/toestel te kommunikeer of dit te beheer ✓ (2)

4.1.5 Tydelike stoorplek op hardeskyf ✓ waarheen druktake gestuur word om te wag totdat die drukker gereed is om dit te druk ✓ (2)

4.2 ’n Wenk of inligting wat opwip/verskyn ✓ wanneer die muismerker op ‘n ikoon of objek gehou word ✓ (2)

4.3.1 ’n Opwipkieslys verskyn gewoonlik as jy met die muis regsklik ✓ Dit bevat opsies wat met die huidige aksie te doen het / konteks-sensitiewe hulp ✓ (2)

4.3.2 Deur die F1-(funksie)-sleutel te druk ✓ word die Hulp-lêer van die program waarin jy werk, oopgemaak. ✓ (2)

4.4.1 Yahoo, Ananzi, Bing, ens. ✓ (1)

4.4.2 Enige TWEE wenke: ✓✓ (2)

- Gebruik meer spesifieke soekterme
- Identifiseer sleutelwoorde en laat kort of onbelangrike woorde uit
- Probeer sinonieme
- Kontroleer jou spelling
- Maak gebruik van jou webblaaier se gevorderde soek-opsies, ens.

4.5 Enige TWEE of: ✓✓ (buiten om ’n lêer ’n ander naam te gee of op ’n ander plek te stoor. (2)

- Om as ander tipe lêer te stoor / *export*
- Om ‘n wagwoord by te voeg of te verwyder
- Om die prente in die dokument te laat saampers *(compress),* ens. (2)

4.6 *Freeware* is programmatuur waarvan al die beskikbare funksies werk ✓, en wat sonder enige beperkinge gebruik en gekopieer kan word. ✓
*Shareware* hou gewoonlik op werk as ’n toetstydperk verby is ✓
As mens na die toetstydperk die ‘volle’ weergawe wil hê met toegang tot al sy funksies, moet jy daarvoor betaal . ✓ (4)

4.7.1 *Phishing* / uitvissingsbedrog ✓ (1)

4.7.2 *Hyperlink* ✓ (1)

4.7.3 Jy sal na ‘n vals webtuiste geneem word wat soos die ware een lyk ✓ en versoek word om aan te teken / jou inligting te verskaf. ✓ (2)

4.7.4 Enige TWEE van: ✓✓ (2)

- Dit sal lyk asof dit vanaf ‘n plek soos ‘n bank kom
- Sal versoek dat jy op ‘n hiperskakel in die e-pos klik
- Kan dalk spelfoute bevat
- Die eienskappe van die hiperskakel sal ’n ander webtuiste aantoon as wat die teks sê, ens.

**[32]**

### Vraag 5

5.1.1 ’n Program ✓ wat ontwerp is om die normal werking van ’n rekenaar te belemmer. ✓ (2)

5.1.2 Dit is ‘patrone’ wat ’n virus uniek identifiseer ✓ (1)

5.1.3 Daar is gedurig nuwe virusse / mens se rekenaar sal nie teen die jongste virusse beskerm wees nie. ✓ (1)

5.1.4 Die hoeveelheid data wat opgelaai en afgelaai kan word ✓ in ’n vaste tydinterval, gewoonlik ’n maand. ✓ (2)

5.2.1 Jy kan vanaf enige plek waar jy Internet-toegang het, toegang tot jou e-pos verkry ✓ (1)

5.2.2 *Instant Messaging (IM)* vind onmiddellik / lewendig / intyds / *in real-time* plaas. ✓ (1)

5.2.3 ’n Maatskappy ✓ wat Internettoegang aan individue of organisasies teen ’n maandelikse bedrag verkoop ✓ (2)

**[10]**

## AFDELING C

### Vraag 6: Geïntegreerde scenario

6.1 Enige TWEE van: (behalwe die hantering van algemene kantooradministrasie.) ✓✓

- Publisiteit / bemarking
- Kan besigheid in alle tydsones doen (‘24/7/365’)
- Verbeterde maniere om te kommunikeer
- Koste-effektief / doeltreffendheid, ens. (2)

6.2.1 Die gebruik van rekenaars / tegnologie ✓ op ’n manier wat nie vir die omgewing skadelik is nie . ✓ (2)

6.2.2 Enige TWEE maniere: (buiten spaar van papier) ✓✓

- Raak op omgewingsvriendelike manier van apparatuur (bv. *cartridges*) ontslae
- Gradeer ou rekenaars op / skenk aan ander in plaas daarvan om dit weg te gooi Hervul / hergebruik inkkassette *(cartridges)*
- Gebruik apparatuur wat lae energieverbruik het, ens. (2)

6.3.1 Enige TWEE kriteria of vrae: ✓✓ (2)

- Hoeveel drukwerk gedoen gaan word (volume)
- Tipe drukwerk, bv. hoë kwaliteit foto’s of hoofsaaklik teks
- Spoed wat vereis word
- Tipe media waarop daar gedruk moet word, ens.

6.3.2 Enige TWEE voordele: ✓✓

- Goedkoper as om aparte toestelle te koop
- Neem minder plek op
- Voorsien ekstra funksies soos skandering, ens. (2)

6.4.1 Enige TWEE voordele: ✓✓

- Deel van bronne (apparatuur en programmatuur)
- Makliker om lêer te deel / saam te werk
- Koste-besparing (as gevolg van deel van apparatuur, ens.)
- Sekuriteit kan beter wees / beter beheer oor data, insluitend rugsteun, ens. (2)

6.4.2 *NIC* is ’n netwerkkoppelvlak / netwerkkaart / netwerkbeheerder wat gebruik word om die rekenaar aan die netwerk te koppel / kommunikasie tussen die rekenaar en die netwerk te beheer. ✓
*Switch* is ’n netwerktoestel wat gebruik word om die rekenaars in ’n netwerk wat kabels gebruik, te koppel. ✓ (2)

6.5.1 E-pos ✓ (1)

6.5.2 Die e-pos is aan die bestuurder gestuur en ’n kopie aan jou ma ✓ Elkeen kan sien dat die e-pos na die ander een gestuur is. ✓ (2)

6.5.3 Saampersingsprogrammatuur is gebruik / die lêers is saamgepers om die grootte van die lêer kleiner te maak ✓
sodat dit kleiner is om per e-pos te stuur ✓ (2)

6.5.4 Enige TWEE redes: ✓✓

- Sodat die inhoud van die lêers nie verander kan word nie
- Sodat die ontvanger dit kan oopmaak sonder om die programmatuur te hê waarmee dit oorspronklik geskep is / net die gratis Adobe Reader benodig om dit oop te maak
- Om die lêergrootte kleiner te maak, ens. (2)

6.6.1 Samesmelting / *Merging* ✓en regs-inlynstelling ✓ (2)

6.6.2 Die resultate of waardes is te wyd/groot om in die sel vertoon te word. ✓
Maak die kolom wyer. ✓ (2)

6.7.1 Hou die Ctrl-sleutel in en klik op die onderstreepte woord ✓ (1)

6.7.2 Die opskrif is met behulp van die spasiebalk na die middel geskuif ✓
Maak soos volg reg: Verwyder die oortollige spasies ✓ ; Gebruik die ‘Center’-ikoon / die regte sentreeropdrag ✓ (3)

6.7.3 (Outomatiese) afkapping / *hyphenation* ✓ (1)

**[30]**